

WEEKBLAD

27 Oktober 1989

Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901

Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

NUWE LIEWER
GEEN VISIE
DONKER TOEKOMS

Deurbraak! Kyk wie adverteer by ons! - 11

Die ANC is terug!

Elsabé Wessels

DIE ANC is terug!

Een van die grootste skares in die geskiedenis word Sondag by Soccer City buite Johannesburg verwag wanneer sewe senior ANC-leiers hul eerste openbare vergadering sedert 1962 toespreek.

Die ANC-leiers wat op die verhoog stelling sal inneem, is Walter Sisulu, Govan Mbeki, Oscar Mphetha, Raymond Mhlaba, Wilton Mkwayi, Elias Motsoaledi en Andrew Melangeni. Sisulu sal as die voormalige sekretaris-generaal van die ANC die hoofrede lewer.

Ambassadeurs, progressiewe tuislandleiers en kerkleiers is onder die hooggeplaastes wat die saamtrek sal bywoon.

Hoewel die saamtrek weens die heersende verbod op die organisasie nie in die naam van die ANC mag geskied nie, sal die agt vrygelate gevangenes in hul kapasiteit as ANC-leiers by die saamtrek optree. Die teenwoordigheid van ANC-embleme en vlae word ook verwag.

Volgens ingeligte bronne sal Sisulu en die ander sprekers belangwekkende beleidspunte op die saamtrek afkondig. Die bevryde ANC-leiers bly steeds in verbinding met die organisasie se hoofkwartier in Lusaka.

Hoewel die regering toestemming gegee het vir die saamtrek om gehou te word, het die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, dié week 'n skerp waarskuwing gerig dat die ANC steeds as 'n verbode organisasie beskou word en dat diegene wat in weerwil daarteen steeds die doelstellings van die ANC bevorder, vervolgt sal word.

Weens die hoë profiel wat die vrygelate leiers in die buiteland geniet, word gemeen dat daar nie beperkings op die saamtrek geplaas sal word nie.

Die saamtrek, wat 'n verwelkomingsgebaar vir die agt vrygelate leiers is, is deur die nasionale ontvangskomitee, wat na die agt omsien, gereël. Twee leiers van die breë demokratiese beweging, die algemene sekretaris van die NUM, Cyril Ramaphosa, en die publisiteitssekretaris van die UDF, Murphy Morobe, sal as voorsitters by die saamtrek optree.

Organisasies van reg oor die land neem aan die beplanning deel. Volgens die organiseerders is vervoer van oor die hele Suid-Afrika georganiseer.

Vanuit Natal alleen is 50 busse, twee treine en 'n vliegtuig geskeduleer, terwyl daar gerapporteer is dat townships in die Noord-Transvaal honderde busse gereël het. Konvoie word ook vanuit Oos- en Wes-Kaapland en die Vrystaat verwag.

Tussen 800 en 1 000 beamptes, waarvan 200 net op die beskerming van die leierskap gerig is, word vir die geleentheid touws gemaak.

Die saamtrek wat Sondagoggend om tienuur met kulturele items begin, sal tussen twaalfuur en 2.30 nm deur die leiers toespreek word.

Jacques Pauw

OP die vooraand van een van die grootste en belangrikste politieke saamtreke in die geskiedenis van versetpolitiek, het 'n groep ver-regse fanatici vandeeweek gedreig om iemand in 'n protesoptog te skiet om só geweld en bloedvergieting te ontken.

Twee ekstremistiese leiers van 'n rasistiese kerkgroep, die Gemeente van die Verbondsvolk, het vandeeweek Vrye Weekblad se kantore besoek en 'n geweldsplan onthul om Suid-Afrika in 'n bloedbad te verander.

Die twee leiers - wat nie hul name genoem wil hê nie - neem die afgelope weke deel aan protesoptogte wat in Johannesburg gehou word. Hulle het twee weke gelede deelgeneem aan die protesoptog teen die Wysigingswetsontwerp op Arbeidsverhoudinge

Regse fanatici onthul plan vir bloedbad

om die "geweldspotensiaal in die optog te meet".

Die twee het besonder belanggestel om besonderhede te kry van Sondag se massasaam-

trek naby Soweto om die vrygelate ANC-leiers terug te verwelkom. Sowaat 100 000 mense word verwag in wat beskryf word as die ANC se eerste politieke saamtrek sedert die organisasie se verbanning 27 jaar gelede.

Die twee, wat gewapen was, sê die val van die leier van die AWB, Eugene Terre'Blanche, het 'n toenemende ongeduld en aggressie by ver-regse ontkeners om voort te gaan met "wit bevryding" en die eliminerings van swartmense.

Terre'Blanche, sê hulle, praat al vyftien jaar, maar doen niks. Belofes wat hy gemaak het, sal nou niks van kom nie. Daarom is daar 'n groeiende getal ver-regse fanatici wat bymekaarkom en geweld en bloedvergieting beplan.

"Hy dreig nou al hoe lank om die protesoptogte stop te sit. Hy wil dit nie doen nie. Ons sál. En ons dreig nie net nie. Kyk maar wat gaan gebeur," sê hulle.

Die twee het verder onthul dat die Gemeente van die Verbondsvolk, wat die uitwissing van swartmense bepleit, beplan om plase, heel moontlik in die Noord-Transvaal, uit te koop en met 'n eie wit tuisland te begin.

'n Trust is reeds gestig om die aankope te doen en die tuisland te beheer. Geld word tans by gemeentelike ingesamel vir die aankope. Die twee sê etlike miljoene rande, onder meer afkomstig van boere wat plase in veral die Wes-Transvaal verkoop het, is beskikbaar vir die toestandkoming van die tuisland.

Beide leiers was senior lede van die AWB, maar het die organisasie kort ná die onthullings oor Terre'Blanche se persoonlike lewe verlaat.

Een van die mans, wat sy rewolwer voor hom op die tafel neergesit het, het gesê die onmiddellike doelwit van die Gemeente is om revolusie te ontken sodat soveel swartmense as moontlik doodgeskiet kan word en 'n wit tuisland 'n werklikheid kan word.

"Ons strategie word haarfyn beplan. Ons het al saam met die massas marsjeer en het die emosie in die optogte self ervaar. Kan jy dink wat sal gebeur as 'n koeël uit 'n witman se pistool 'n kaffer moet neerfel?" het die een gesê.

"Die optogte móet stopgesit word. FW de Klerk wil dit nie doen nie. Daarom sal ons dit self doen. 'n Goed geplaaide koeël sal Johannesburg laat brand. En dit is wat ons wil hê," het die een gesê.

Hulle het ook navraag gedoen oor 'n

Swapo se Boerseun



Foto: John Liebenberg

Danie Botha, een van Swapo se top-kandidate in volgende maand se verkiesing - sien bl 2

Vervolg op bladsy 2

Nuwe eensgesindheid oor sanksiedruk - 2

Valery Agranofski

DIE vraag word dikwels in die Sowjet-Unie gevra: Vir wie gaan dit die maklikste wees om te verander - die jongmense of die volwassenes? Ook: Is almal verantwoordelik vir die tydperk van apatie en ekonomiese stagnasie?

Na my mening, en dit maak nie saak wat ons in daardie tyd gedoen het nie, is ons almal skuldig vir wat gebeur het. Sommige mense kan sê dat hulle tydens die stagnasie-tydperk baie gelyk het en nie skuldig hoef te voel oor wat gebeur het nie.

Maar is die slagoffers van Stalinsisme nie self te blameer omdat hulle toegelaat het dat hulle slagoffers word nie?

Seneca het op 'n keer geskryf dat daar minder slawe is as dié wat hulself in slawe verander.

Ek wil nie voorgee dat ek namens my hele generasie praat nie, maar ek persoonlik wil verandering hê. Daarom kan ek net met een voorstel vorendag kom - bely. Belydenis reinig die siel en is terselfdertyd 'n skeppende raamwerk vir die denke.

Die negatiewe gevolge van daardie tydperk - openbare apatie, korrupsie, bloeiende burokrasie en intellektuele armoede - het ons almal op een of ander manier beïnvloed.

Ons sal onself nooit kan reinig en sodoende verhoed dat die verlede herhaal word indien ons nie bely nie.

Ek wil graag uitbrei oor die rol van joernalistiek binne perestroika.

Dit lyk my dat die nuutgevonde vryheid die Sowjet-joernaliste aangespoor het om soos naelloppers weg te spring en dat hulle by die wenstreeptomgestaan was deur hulle eie welslae. Hulle het egter ook besef dat joernalistiek meer is as bloot 'n kortstondige sensasie. Dit verg deeglik nagevorsde skryfwerk.

Die tyd van asemnemende en sensasionele oopplek van stories is besig om plek te maak vir die langtermynaanval op dié oorsake wat gelei het tot die verwerplike gevolge wat ons vandag beleef.

Ek sal dit so stel: Ek is nie net negatief jeens die onlangse beleid van versnelling nie, maar glo ook dat dit 'n baie ernstige hindernis in die pad na werklike oplossings plaas.

Ons het so haastig met perestroika begin en reeds soveel foute gemaak wat ons hoop om met dieselfde perestroika op te los.

Ek noem 'n paar: Die gelyktydige aanvaarding van twee onversoerbare dekrete - een oor individuele arbeidsbedrywighede en een oor onverdiende inkomste; die wet op samewerking en die een oor belasting wat eersgenoemde in werklikheid nietig verklaar. Ek dink nie ek moet voortgaan nie.

En wat het ons joernaliste gedoen? Het ons die besluitneming teengestaan? Nee, ons het selfs so ver gegaan as om dit aan te moedig.

Versnelling mag miskien baie belangrik wees vir die Sowjet-mense wat siek en sat is vir hul lae lewenstandaard, maar dit is ook 'n baie gevaarlike proses.

Want ondanks die perestroika-trompette wat 'n paar jaar al gehoor word, het ons nog net werklike deurbrake met die ontwikkeling van glasnost, die uitbreiding van die demokrasie en 'n verbeterde buitelandse beleid gehad.

Die lewenstandaard van die mense het nouliks verbeter. Ons het glasnost wakker gemaak, die oorsake van populêre ontevredenheid onaangeraak gelaat en sodoende die geleentheid vir burokrate geskep om te probeer om glasnost te kniehalter.

Ons moes eerder die oorsake van die ontevredenheid aangespreek het.

Vandag, meer as ooit tevore, moet versigtigheid aan die dag gelê word. 'n Ernstige, ongejaagde en goedgegronde houding, asook 'n foutlose deeglikheid in beide ons kritiek en aansporing is nodig.

Net onverantwoordelike mense kan kunsmatige oordadigheid met woorde bekostig.

Die Russe moet bely - dit reinig die siel

Dit beteken nie dat ek wil hê Sowjet-joernaliste moet die vertroue van hul lesers verloor nie. Sowjet-joernaliste is meestal krities jeens die amptelike standpunt.

Ek dink dit is goeie ding. Maar die oomblik as ons onself vervreem van die lesers, sal dit die einde van selfs die populêrste publikasie beteken.

Mense gryp na koerante en tydskrifte in 'n laaste hoop om die waarheid uit te vind. Kan die joernalistiek hulle help?

Glad nie. Joernaliste is net so magteloos en sonder regte as enige ander burger - buiten dié aan die spits - in die land.

Die feit is dat net openbare mening die voortstuwende mag in die land is - ook tydens die stagnasie-tydperk. En glasnost was en is die instrument om openbare mening te formuleer. Slegs wanneer joernaliste daarin slaag om die hindernisse te oorkom en 'n ernstige artikel oor 'n ernstige probleem - soos byvoorbeeld die besoedeling

by die Baikal-meer - skryf, lyk dit of daar enigsins hoop vir 'n positiewe reaksie is.

Die hooggeplaasde burokrate raak ongemaklik in die openbare oog, en dit was in der waarheid al wat die joernalistiek in die verlede kon regkry.


Glasnost moet deur die wet beskerm word. Ons het 'n gevoel van waardigheid by die mense laat ontstaan en hulle op die moontlikheid van regsadvies gewys. Vandaar die stortvloed van regsgedinge!

Ons eie welslae in die formulering van openbare mening kan maklik ons nederlaag word indien ons nie uiters versigtig is nie.

Die nuwe perswet gaan nie net joernaliste beskerm nie, maar dit gaan ook hulle verantwoordelikheid vergroot. Die arend met die twee koppe hou een oog op ons potensieël opposisie en die ander op ons.

Valery Agranofski is 'n joernalis by die nuusagentskap Novosti

Afrikaner- Israel kan 'n tweede Lebanon verhoed



Klaus Baron von der Ropp

OP 'n dag, in Mei 1977, het kanselier Helmut Schmidt van Wes-Duitsland 'n besoeker onkant betrap met dié vraag: "En waarmee vervang jy dit?"

Die besoeker, die onderpresident van die VSA, Walter Mondale, het 'n paar dae vantevore 'n bittere woordewisseling met John Vorster gehad en het sy Wes-Duitse gasheer probeer oortuig dat die Weste alles in 'sy vermoë moet doen om die Suid-Afrikaanse regering van apartheid te laat afsien.

Baie buitelandse politici, diplomate, studente en joernaliste beskou Schmidt se vraag as uitgedien en onnodig. Hulle is tevrede om saam met die duisende aanhangers van die ANC/UDF of PAC/Azapo te sê: apartheid kan nie hervorm word nie en moet daarom afgeskaf word.

Die politieke en ekonomiese strukture in 'n post-apartheid Suid-Afrika kry selde aandag in buitelandse politieke kringe. Maar indien die Weste en die Sowjet-Unie toelaat dat die konflik in Suid-Afrika onverhindert voortduur, sal dit dié land ongetwyfeld in 'n Lebanon-situasie dompel.

Dit kan daartoe lei dat die land in twee onafhanklike state verdeel, met, in Van Zyl Slabbert se woorde, die grense daár waar die laaste veldslag plaasgevind het en nie waar dit op die kaart aangedui word nie.

Nou lyk dit egter of 'n onderhandelende skikking wel bereik kan word. Die breë demokratiese beweging - bestaande uit onder meer die ANC, UDF en Cosatu - is bereid om te praat; deur Nelson Mandela in Tuynhuis te onthaal het PW Botha erken dat die ANC - saam met die NP-regering - 'n sleutelrol te speel het in die toekomstige Suid-Afrika. Ook die vredesgesprekke tussen die UDF/Cosatu en Inkhata is uiters belangrik en hou groot belofte in.

Kortom: wat tot onlangs nog ondenkbaar was, kan binnekort moontlik wees.

Dié veranderende klimaat kan toegeskryf word aan die nuwe Sowjet-beleid rakende Suider-Afrika. Die Sowjet-Unie het besef daar is nie 'n "wet" wat bepaal dat die gewapende stryd die ANC na heerskappy van Suid-Afrika moet lei nie.

Die Russe leef in 'n heterogene samelewing en is bewus van die etniese konflik in die Baltiese Republiek, Trans-Kaukasië, Sentraal-Asië en onlangs in die Oekraïne. Daarom verstaan hulle ook die verwickeldheid van die Suid-Afrikaanse situasie beter as baie Westerse - en in die besonder Noord-Amerikaanse - "kenners" van Suid-Afrika.

Sir Geoffrey Howe het in 1988 in Londen vir Boris Asoyan, 'n Suid-Afrika-kenner, aangehaal en na die Suid-Afrikaanse werklikheid verwys as "multifaceted, dynamic, extremely complex and confused".

Dit beteken geensins dat die Sowjet-Unie die ANC of Umkhonto we Sizwe (MK) verraaie nie, eerder dat hulle druk op dié organisasie sal plaas om mag te deel en van hul dogmatiese standpunte oor sosialisme af te sien. Sowjet-diplomate huldig vandag dié standpunt (soos deur Van Zyl Slabbert in Dakar uiteengesit): "As jy apartheid wil oorkom, moet jy die

blankes, in besonder die Afrikaners, oortuig dat daar lewe ná apartheid is."

Die Russe se reaksie op Dakar verskil geensins van dié van Otto Graf Lambsdorff, die nuwe voorsitter van die Federale Duitse Republiek, nie. In 'n gesprek met Van Zyl Slabbert by Dakar het hy twee waarhede kwytgeraak: sonder swart bevryding sal daar nooit wit sekuriteit wees nie, en wit sekuriteit is die sleutel tot swart bevryding. Sowjet-amptenare kon maklik identiese uitsprake gemaak het.

Die nuwe houding open die weg vir die Russe om aan die moontlikheid van 'n Britse/Sowjet-inisiatief vir Suid-Afrika, met 'n sterk Amerikaanse steun daaragter, te dink. Londen en Moskou kan dan hul invloed gebruik om Pretoria in toom te hou, en dié twee regerings kan voortgaan met die geheime Britse/Sowjet/VSA-diplomasie wat in 1988/89 so 'n deurslaggewende rol in die beslegting van die Angola- en Namibia-dispute gespeel het.

Dit is moontlik dat die geskiedkundige ontmoeting tussen Mandela en Botha, die latere ontmoeting tussen die kerkleiers van die breë demokratiese beweging en staatspresident FW de Klerk asook die vrylating van die Rivonia-gevangenes die eerste vrugte van 'n gesamentlike Sowjet/Britse inisiatief vir Suid-Afrika is.

Omstandighede vandag lyk baie gunstig vir so 'n inisiatief.

Die buiteland het vertroue in Suid-Afrika se kapitaalmark verloor en dié land het nie meer genoeg geld om apartheid in stand te hou nie. Aan die ander kant het die terugslae van die opstande in 1984/85 aan die bevrydingsorganisasies getoon dat Suid-Afrika militêr nie sommer gou verslaan gaan word nie.

Sowjet/Britse diplomate sal veral voor twee groot probleme te staan kom: Hoe om te verhoed dat die blankes ter elfder ure 'n verskroeiende aardebeleid begin volg in 'n poging om die onverdedigbare te verdedig; en hoe om die ANC/UDF, Inkhata, en PAC/Azapo te oortuig om mekaar as strydende politieke partye te aanvaar. Van die ANC, verreweg die sterkste politieke groepering in die land, sal verwag word om mag te deel.

Hoe diep die skeuring tussen die drie bevrydingsorganisasies ook al is, wil dit voorkom of hulle verskille nie soseer ideologies is nie, maar eerder oor mag gaan. Veral die verskille tussen Inkhata en die breë demokratiese beweging blyk oorbrugbaar te wees met 'n stelsel van gesamentlike beheer - dit wil sê 'n stelsel van permanente magsdeling.

Maar aan die ander kant is daar onoorbrugbare skeure tussen wit Suid-Afrika aan die een kant en swart Suid-Afrika aan die ander. Daar is baie min gemeenskappe in die wêreld met sulke diepgaande verskille soos Suid-Afrika.

Dit herinner my aan die verhouding tussen die Pole en die Duitsers in 1945. Ná twaalf jaar van Nasionaal-Sosialisme het hulle nog steeds niks gemeen gehad nie. Selfs die gedeelde Rooms-Katolieke geloof kon hulle nie saamsnoer nie. Is dit nie dalk ook die geval tussen wit en swart in Suid-Afrika nie?

Charles Villa-Vicencio van Kaapstad is reg as hy sê dat die klaarblyklik geïntegreerde Engelssprekende kerke sterk protes kan aanteken, maar nie so sterk weerstand kan bied nie. Die vrees vir die onbekende, naamlik 'n post-apartheid Suid-Afrika, is net so sterk aanwesig by die Engelssprekendes as by die Afrikaners.

Deur die eeue heen was daar geen werklike gesprek tussen wit en swart Suid-Afrikaners nie. Daar is orals segregasie en die kans dat dit oorkom kan word, is maar skaars. Daar is twee politieke kulture in Suid-Afrika wat nie versoenbaar is nie.

Sedert Augustus 1988 het die ANC hulle verbind tot 'n stelsel van beperkte politieke pluralisme. Maar dit is moeilik om te dink hoe die ANC die gedagte aan die "demokratiese massas" in die townships gaan oordra - volgens hulle gaan die nuwe Suid-Afrika 'n volksdemokrasie wees.

Wit Suid-Afrikaners sal moet leer hoe om in 'n post-apartheid Suid-Afrika te leef.

Maar hulle sal die onafwendbare makliker kan aanvaar indien hulle vrae beantwoord kan word.

Wat sal hulle doen as hulle weet dat daar nie plek vir hulle of hulle kinders in 'n nuwe, ANC-beheerde Suid-Afrika is nie?

Die Russe is ook bekend met die toevlugsoord-gedagte. Hulle besef dat 'n Afrikaner-Israel, waarvan die grense deur deur al die Suider-Afrikaanse en internasionale state erken word, die onafwendbare oorhandiging van mag aan die meerderheid moontlik kan maak.

Die skepping van so 'n toevlugsoord kan wit Afrikaners in die toekoms voorsien van dit wat hulle hie vandag het nie - sekuriteit vir die komende geslagte wit Suid-Afrikaners.

Klaus Baron von der Ropp is verbonde aan die Stiftung für Wissenschaft und Politik in Keulen